# Kom nader aan die Here



**2025-01-05**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Jak 4:1-10

Jak 4:1 Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie
hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? 2 Julle
begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks
verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid
nie. 3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in
julle welluste deur te bring. 4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie
dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n
vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. 5 Of meen julle
dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons
woon? 6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die
hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. 7 Onderwerp
julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.
8 Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle
sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! 9 Weeklaag, treur en
ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in
bedruktheid. 10 Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

2

## Deel met eie begeertes

Jak 4:1 Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie?

- Innerlike welluste, begeertes, sondige drange lei tot uiterlike konflik.
- Dit wat in jou hart en gedagtes aangaan.
- Eie dryf en hoogmoed.
- Dit dryf jou verder van die Here af.
- Dit keer jou om die stem van die Heilige Gees te hoor.

3

## Gebed

Jak 4:2 Julle **begeer** en julle het nie, julle **pleeg moord** en is **naywerig** en julle kan niks verkry nie. Julle **veg** en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. 3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

- Begeertes, wellus ens bring net teleurstellings.
- Deur nie te bid nie is jy meer blootgestel aan sondige begeertes en dade.
- Ons eie begeertes en wellus bederf en verhinder ons gebede en tyd van verhouding bou en groei met die Here.
- Praat ons met die Here voordat ons oorgaan tot dade en reageer?
- Dinge van die vlees verhinder antwoorde op gebed.
- Hoe hanteer ons versoekings?
- Gebed bring ons nader aan die Here.
- Bring jou versoeke na die Here toe in gebed.
- Bid vir die regte rede.

4

# Kies wie jy wil dien en liefhê

Jas 4:4  Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

- Betekenis van egbreek in konteks van die vers.
- Liefde vir die wêreld teenoor liefde vir God.
- Plesiere van die wêreld.
- Jy kan nie twee here dien nie.

Luk 16:13  Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

- Is jy 'n vriend van God?

5

# Die gees van die wêreld

Jas 4:5  Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?

- Die natuurlike neiging van die mens is na die vlees en die gees van die wêreld.

Gen 6:5  Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,

- Die Heilige Gees woon nou egter in ons.
- Ons is weergebore en nuutgemaak.
- Die gees van die wêreld vs God se Gees

Joh 14:15  As julle My liefhet, bewaar my gebooie. 16  En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: 17  **die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie**; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

6

## Hoogmoed en Nederigheid

Jak 4:6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.


- Die Here maak onderskeid tussen hoogmoed en nederigheid.
- Hoogmoed is ook om nie onderdanig te wees aan God nie.
- God stel Homself op in oorlog teenoor die hoogmoediges.
- Vyand van God.
- Stel jouself oop om nederig te wees en jouself te kruisig.
- Veg teen hoogmoed.
- Hy gee genade aan nederiges.

7

## Onderwerping aan God

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

- Gee jouself geheel en al oor aan die Here en Sy wil.
- Weerstaan die duiwel. Staan sterk teen hom.
- Die duiwel wil keer dat jy jouself aan God onderwerp.
- Hy sal wegvlug.
- Voorwaarde is onderwerping aan God.



8

## Nader tot God

Jak 4:8 Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!

Hoe kan ons onself onderwerp aan die Here en Hom nader ervaar?

- Maak jouself skoon en rein.(bely sondes, vra vergifnis, glo in Jesus)
- Breek met dubbelhartigheid.
- Kry 'n skoon hart.
- Wees nederig en word onderdanig aan die Here.

Jy gaan God se aandag trek en Hy gaan nader aan jou kom.

9

## Treur oor wat verkeerd is

Jak 4:9 Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in bedruktheid.

Hoe ernstig is ons dat die Here gedien moet word?

- Treur oor sondes (persoonlik en ander).
- Wees hartseer oor soveel mense wat egbreek pleeg met God.
- Ween oor so baie mense die gees van die wêreld te volg.
- Treur oor so baie hoogmoed onder mense (selfs kinders van die Here).

10


## Die Here verhoog ons

Jak 4:10 Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

- Die Here sal die verhoog deel doen.
- Ons moet onsself net voor die Here verneder en Hom dien.
- Kom nader aan die Here.



11




Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.

Jak 4:8

12